Western Cape Government

Education

Direktoraat: Kurrikulum VOO

# TELEMATIESE ONDERRIG 2017

# REKENINGKUNDE
# Graad 11

Liewe Graad 11 Rekeningkundeleerder

Welkom tot hierdie Telematiese projek. Hierdie program sal jou hersienings- en studieprogram ondersteun in jou voorbereiding vir die finale Graad 11 Rekeningkunde-eksamen.

Hierdie program bied jou ‘n geleentheid om dit wat jy in die klas geleer het, vas te lê. Die aanbieders sal nie op alle dele van die kurrikulum kan konsentreer nie maar sal fokus op daardie dele waarmee leerders probleme ondervind.

**Wenke vir sukses in Rekeningkunde**

**Om te slaag in Rekeningkunde moet jy op die volgende let:**

- Begin werk vanaf die eerste dag
- Let noukeurig op in die klas om te verseker dat jy die werk verstaan
- Voltooi Rekeningkunde huiswerk/oefeninge daagliks
  OEFEN…OEFEN…OEFEN
- Werk netjies en akkuraat
- Toon berekeninge in hakies
- Lees instruksies by vrae/aktiwiteite versigtig en maak seker jy verstaan wat gevra word
- Wees nougeset in die voltooiing van take,assesseringsaktiwiteite en toetse asof jy vir die finale eksamen voorberei
- Maak gebruik van vorige eksamenvraestelle en toetse vir hersiening
- Verfyn jou eksamentegniek: wanneer jy hersien, kies vrae wat jou in jou swakker areas sal verryk. Gebruik die tydstoekennings in die vraag om te bepaal of jy die vraag in die beskikbare tyd kan voltooi.

Voorspoed met jou Graad-11 jaar.

Dr GR Schreuder
Senior Kurrikulumbeplanner: Rekeningkunde

**TELEMATIESE ONDERRIG: REKENINGKUNDE ROOSTER – GRAAD 11**

| ***Datum*** | ***Tyd*** | ***Onderwerp*** | ***Teen die einde van hierdie les behoort jy die volgende te ken:*** |
|---|---|---|---|
| Dinsdag, 7 Februarie 2017 | 16:00 – 17:00 | **Vaste bates:**<br>Bate verkope | ▪ Hoe om waardevermindering te bereken deur die reguitlynmetode (op kosprys) en op die verminderde saldo metode te gebruik<br>▪ Hoe om die vervreemding (verkope) van ‘n vaste bate op te teken<br>*aan die begin van ‘n finansiële jaar<br>*gedurende ‘n finansiële jaar<br>*aan die einde van ‘n finansiële jaar<br>▪ Die formaat van die bateverkope rekening |
| Dinsdag, 21 Februarie 2017 | 16:00 – 17:00 | **Vaste bates:**<br>Bate verkope en vaste bate nota | ▪ Die formaat van die bateverkope rekening<br>▪ Die formaat van die Vaste Bate Nota |
| Donderdag, 2 Maart 2017 | 16:00 – 17:00 | **Vennootskappe:**<br>Formaat van Balansstaat en Notas | ▪ Die doel van ‘n Inkomstestaat<br>▪ Die doel van ‘n Balansstaat<br>▪ Die formaat van die Balansstaat en Notas tot die Balansstaat<br>▪ Hoe om ‘n Balansstaat en Notas tot die Balansstaat op te stel<br>▪ Die proses wat jy moet volg wanneer jy ‘n Inkomstestaat en ‘n Balansstaat opstel |
| Maandag, 22 Mei 2017 | 16:00 – 17:00 | **Vennootskappe:**<br>Formaat van Balansstaat en Notas | ▪ Die doel van ‘n Inkomstestaat<br>▪ Die doel van ‘n Balansstaat<br>▪ Die formaat van die Balansstaat en Notas tot die Balansstaat<br>▪ Hoe om ‘n Balansstaat en Notas tot die Balansstaat op te stel<br>▪ Die proses wat jy moet volg wanneer jy ‘n Inkomstestaat en ‘n Balansstaat opstel |
| Woensdag, 11 Oktober 2017 | 16:00 – 17:00 | **Vennootskappe:**<br>Ontleding en vertolking van finansiële state | ▪ Waarom ons finansiële aanwysers bereken<br>▪ Waar om die inligting te kry<br>▪ Hoe om finansiële aanwysers/verhoudings te bereken<br>▪ Hoe om finansiële aanwysers/verhoudings te ontleed |

| **Tasbare/Vaste Bats** | | |
|---|---|---|
| Belangrike begrippe/ vaardighede | ▪ Waardevermindering<br>▪ Doel van waardevermindering afskryf<br>▪ Wat gebeur wanneer ‘n vaste bate ten volle afgeskryf is<br>▪ AARP beginsels met betrekking tot vaste bates:<br>*Historiese koste beginsel - vaste bates word teen hulle oorspronklike prys opgteteken<br>*Omsigtigheid – waardevermindering moet afgeskryf word op bates wat hulle waarde verloor<br>*Paring – waardevermindering word tot die gepaste finansiële jaar toegeken<br>▪ Berekening van waardevermindering op kosprys (reguitlynmetode)<br>▪ Berekening van waardevermindering op verminderde saldo<br>▪ Bateverkope – kan as ‘n nominale of as ‘n balansstaatrekening beskou word. Dit sal nie in die Inkomstestaat of Balansstaat gaan nie. Dit is ‘n interim rekening wat gebruik word om die wins of verlies op die verkoop van ‘n vaste bate te bereken. | |
| Vervreemding van vaste bates | ▪ Begin van jaar<br>▪ Gedurende die jaar<br>▪ Einde van jaar | |
| Stappe om te volg met die vervreemding van vaste bates | *Stap 1:* Oordrag van kosprys | Dt Bateverkope<br>Kt Vaste bate (Voertuie of Toerusting) |
| | *Stap 2:* Skryf waardevermindering af (gedurende en einde van jaar) | Dt Waardevermindering<br>Kt Opgehoopte waardevermindering op Toerusting/Voertuie |
| | *Stap 3:* Oordrag van opgehoopte waardevermindering | Dt Opgehoopte waardevermindering op Toerusting /Voertuie<br>Kt Bateverkope |
| | *Stap 4:* Teken verkope op | *Kontantverkope:*<br>Dt Bank<br>Kt Bateverkope |
| | | *Kredietverkope:*<br>Dt Debiteurekontrole<br>Kt Bateverkope |
| | | *Inruil:*<br>Dt Krediteurekontrole<br>Kt Bateverkope |
| | *Stap 5:* Bereken/Teken op wins/verlies | *Wins:*<br>Dt Bateverkope<br>Kt Wins met verkoop van vaste bate (I/S) |
| | | *Verlies:*<br>Dt Verlies met verkoop van vaste bate (I/S)<br>Kt Bateverkope |

**Dt** **Voertuie/Toerusting** **B** **Kt**

| | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | Saldo | a/b | | | | Bateverkope (oordrag van **kosprys** van bate verkoop /ingeruil) | | |
| | | Bank/ Krediteure-kontrole (aankoop van vaste bate) | | | | | Saldo | o/d | |
| | | | | | | | | | |
| | | Saldo | a/b | | | | | | |

**Dt** **Opgehoopte waardeverminderisng op toerusting/voertuie** **B** **Kt**

| | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | Bateverkope (oordrag van opgehoopte waardeverminder-ing op bate verkoop /ingeruil) | | | | | Saldo | a/b | |
| | | Saldo | o/d | | | | Waardevermindering (waardevermindering afgeskryf) | | |
| | | | | | | | | | |
| | | | | | | | Saldo | a/b | |

**Dt** **Waardevermindering** **N** **Kt**

| | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | Opgehoopte waardeverminder-ing op toerusting | | | | | Wins-en-verliesrekening | | |
| | | Opgehoopte waardeverminder-ing op voertuie | | | | | | | |
| | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | |

**Dr** **Bateverkope** **Kt**

| | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | Toerusting/ Voertuie<br>(oordrag van kosprys) | | | | | Opgehoopte waardevermindering op toerusting/ voertuie<br>(oordrag van opgehoopte waardevermindering) | | |
| | | Wins met verkoop van bate<br>(wanneer die bate teen **meer** as die drawaarde verkoop word) | | | | | Krediteurekontrole / Debiteurekontrole / Bank<br>(teken die verkope op) | | |
| | | | | | | | Verlies met verkoop van bate<br>(wanneer die bate teen **minder** as die drawaarde verkoop word) | | |
| | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | |

| **TASBARE BATES / VASTE BATES** | **Grond & geboue** | **Toerusting** | **Voertuie** | **Totaal** |
|---|---|---|---|---|
| | | | | |
| Drawaarde aan begin van jaar | | | | |
| Kosprys | | | | |
| Opgehoopte waardevermindering | | | | |
| Bewegings: | | | | |
| Toevoegings | | | | |
| Vervreemding teen drawaarde | | | | |
| Waardevermindering | | | | |
| Drawaarde aan einde van jaar | | | | |
| Kosprys | | | | |
| Opgehoopte waardevermindering | | | | |

**Aktiwiteit 1**

Gebruik die inligting uit die rekeningkunde rekords van Josh Handelaars geneem om die volgende rekeninge in die Algemene Grootboek op te stel:

- Voertuie
- Opgehoopte waardevermindering op voertuie
- Bateverkope
- Waardevermindering

Balanseer/sluit die rekeninge af op 29 Februarie 2016

Information:

1. On 1 Maart 2015 het die volgende saldo's, onder andere, in die boeke van Josh Handelaars verskyn:
   - Voertuie R759 000
   - Opgehoopte waardevermindering op voertuie R297 750
2. Op 31 Augustus 2015 is 'n voertuig met 'n oorspronklike kosprys van R180 000, op krediet verkoop vir R100 000. Die opgehoopte waardevermindering op hierdie voertuig het R60 000 op 1 March 2015 beloop.
3. 'n Nuwe voertuig is op 1 December 2015 op krediet aangekoop vir R200 000.
4. Waardevermindering word teen 20% p.j. op die verminderde-saldo metode afgeskryf.

**Aktiwiteit 2**

Jy word voorsien met 'n gedeeltelik voltooide nota tot die Balansstaat van LauJen Handelaars op 28 Februarie 2017.

**GEVRA:**

2.1 Gebruik die addisionele inligting hieronder om die Vaste Bate Nota tot die Balansstaat op 28 Februarie 2017 te voltooi.

2.2 Stel die Bate Verkope rekening op om die verkope van die Toerusting op te teken.

**ADDISIONELE INLIGTING:**

1. Waardevermindering word soos volg afgeskryf:
   - Voertuie teen 15% p.j. op kosprys
   - Toerusting teen 20% p.j. op die verminderde-saldo metode
2. Gedurende die jaar is 'n faktuur van Hermanus Groothandelaars vir die volgende ontvang:
   - Herstelwerk R12 000
   - Die bou van 'n motorhuis R50 000

   Die volle bedrag is foutiewelik aan herstelwerk gedebiteer.
3. 'n Nuwe voertuig was vir R180 000 op 1 November 2016 op krediet aangekoop. Die eienaar het ook vir die installering van 'n nuwe klankstelsel ter waarde van R12 000 en vir die lisensie, R540 betaal.
4. Op 31 Augustus 2016 is toerusting teen nuwe toerusting wat R240 000 kos, ingeruil. Die toerusting wat ingeruil is, was op 1 Maart 2014 vir R160 000 aangekoop en is teen 'n verlies van R12 160 ingeruil.

**VENNOOTSKAPPE**

- Begrippe uniek aan vennootskappe (Rente op kapitaal; Bonus aan vennote; Verdeling van winste)
- Algemene Grootboek: (Kapitaal rekeninge; Privaatrekeninge; Verdelingsrekening)
- Aansuiwerings
- Opstel van Inkomstestaat; Balansstaat met Notas
- Ontleding en vertolking van finansiële state

*Dit is belangrik dat jy die formate van die finansiële state en notas ken*

**FORMAAT VAN INKOMSTESTAAT**

| | | |
|---|---|---|
| | **Verkope** | |
| | **Koste van verkope** | ( ) |
| | **Bruto wins** | |
| | **Ander bedryfsinkomste** | |
| | | |
| | | |
| | **Bruto bedryfsinkomste** | |
| | **Bedryfsuitgawes** | ( ) |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | **Bedryfswins** | |
| | **Rente inkomste** | |
| | **Wins voor rente uitgawes /Finansieringskoste** | |
| | **Rente uitgawe** | ( ) |
| | **Netto wins** | |

**FORMAAT VAN BALANSSTAAT**

| | |
|---|---|
| **BATES** | |
| **NIE-BEDRYFSBATES** | |
| **Vaste/Tasbare bates (drawaarde)** | |
| **Finansiële bates** | |
| | |
| **BEDRYFSBATES** | |
| **Voorrade** | |
| **Handels- en ander ontvangbare bedrae** | |
| **Kontant en kontantekwivalente** | |
| **TOTALE BATES** | |
| | |
| **EKWITEIT EN LASTE** | |
| **EIENAARSBELANG** | |
| **Kapitaal** | |
| **Privaatrekeninge** | |
| | |
| **NIE-BEDRYFSLASTE** | |
| **Lening** | |
| | |
| **BEDRYFSLASTE** | |
| **Handels- en ander betaalbare bedrae** | |
| **Oortrokke Bank** | |
| **Korttermyngedeelte van lening** | |
| | |
| **TOTALE EKWITEIT EN LASTE** | |

**NOTAS TOT DIE FINANSIËLE STATE**

| VASTE BATES | Grond en geboue | Voertuie | Toerusting | Totaal |
|---|---|---|---|---|
| Drawaarde aan die begin van die jaar | | | | |
| Kosprys | | | | |
| Opgehoopte waardevermindering | ( ) | ( ) | ( ) | ( ) |
| | | | | |
| Bewegings | | | | |
| Toevoegings | | | | |
| Verkope teen drawaarde | ( ) | ( ) | ( ) | ( ) |
| Waardevermindering | ( ) | ( ) | ( ) | ( ) |
| | | | | |
| Drawaarde aan die einde van die jaar | | | | |
| Kosprys | | | | |
| Opgehoopte waardevermindering | ( ) | ( ) | ( ) | ( ) |

**HANDELS- EN ANDER ONTVANGBARE BEDRAE**

| | |
|---|---|
| Handelsdebiteure | |
| Voorsiening vir oninbare skulde | ( ) |
| Netto handelsdebiteure | |
| Vooruitbetaalde uitgawes | |
| Opgelope inkomste (ontvangbaar) | |
| Deposito vir water-en-elektrisiteit | |
| | |

**KONTANT EN KONTANTEKWIVALENTE**

| | |
|---|---|
| Vaste depositos (verval binne 12 maande) | |
| Spaarrekening | |
| Bank | |
| Wisselgeld | |
| Kleinkas | |
| | |

**HANDELS- EN ANDER BETAALBARE BEDRAE**

| | |
|---|---|
| Krediteure | |
| Opgelope uitgawes (betaalbaar) | |
| Vooruitontvange inkomste | |
| Pensioenfonds | |
| Mediesefonds | |
| SAID (LBS) | |
| | |
| | |

| KAPITAAL | Vennoot A | Vennoot B | Totaal |
|---|---|---|---|
| Saldo aan begin van jaar | | | |
| Bydrae gedurende die jaar | | | |
| Onttrekkings gedurende die jaar | ( ) | ( ) | ( ) |
| | | | |

**PRIVAATREKENINGE**

| | Vennoot A | Vennoot B | Totaal |
|---|---|---|---|
| Netto wins volgens Inkomstestaat | | | |
| Salarisse aan vennote | | | |
| Rente op kapitaal | | | |
| Bonuse aan vennote | | | |
| Primêre verdeling van wins | | | |
| Finale verdeling van wins | | | |
| Onttrekkings vir die jaar | ( ) | ( ) | ( ) |
| Behoue inkomste vir die jaar | | | |
| Saldo aan die begin van die jaar | | | |
| Saldo aan die einde van die jaar | | | |

**Aktiwiteit 3**

Jy word voorsien van inligting met betrekking tot GoGold Handelaars soos op 28 Februarie 2017.

**GEVRA:**

3.1 Stel die nota vir die privaatrekeninge op.

3.2 Stel die Balansstaat op 28 Februarie 2017 op. Toon bewerkings in hakies waar notas nie verlang word nie.

**INLIGTING:** Die volgende bedrae is uit die boeke op 28 Februarie 2017 geneem:

| | |
|---|---|
| Kapitaal: Goliath | 900 000 |
| Kapitaal: Goldworth | 1 020 000 |
| Onttrekkings: Goliath | 450 000 |
| Onttrekkings: Goldworth | 391 500 |
| Privaatrekening: Goliath (Kt.) | 94 800 |
| Privaatrekening: Goldworth Kt.) | 73 500 |
| Verbandlening: Worthy Bank | 480 000 |
| Lening: XYZ Bank | 108 000 |
| Grond en geboue | 1 708 000 |
| Toerusting | 584 800 |
| Opgehoopte waardevermindering op toerusting | 76 740 |
| Handelsvoorraad | 427 480 |
| Verbruiksgoedere voorhande | 22 140 |
| Debiteurekontrole | 61 640 |
| Voorsiening vir oninbare skulde | 2 325 |
| Krediteurekontrole | 168 395 |
| Bank (Kt.) | 7 800 |
| Spaarrekening | 60 000 |
| Opgelope inkomste (ontvangbaar) | 11 580 |
| Vooruitontvange inkomste | 2 280 |
| Opgelope uitgawes (betaalbaar) | 7 560 |
| Vooruitbetaalde uitgawes | 2 760 |
| Kleinkas | 900 |
| Wisselgeld | 600 |

**Addisionele inligting**

1. Die Inkomstestaat het ‘n netto wins van R780 000 getoon.
2. 20% van die lening van XYZ Bank is binne die volgende finansiële jaar betaalbaar.
3. Die inskrywings van die vennootskapooreenkoms moet nog gemaak word. Die vennootskapooreenkoms stipuleer die volgende:
   - Mnr. Goliath verdien ‘n jaarlikse salaris van R180 000 terwyl Mnr. Goldworth R24 000 per maand verdien
   - Die vennote verdien rente van 12% p.j. Die saldo’s van die kapitaalrekeninge het onveranderd gedurende die jaar gebly.
   - Mnr. Goliath het ‘n bonus van R25 000 verdien
   - Die oorblywende wins word gelyk tussen die vennote verdeel

**Aktiwiteit 4**

Die volgende inligting is geneem uit die boeke van Royal Handelaars. Vennote B Prins en K King is die eienaars van die onderneming.

**GEVRA:**

4.1 Stel die volgende notas tot die finansiële state op vir die jaar geëindig 28 Februarie 2017:

- Vaste Bates Assets
- Handels- en ander ontvangbare bedrae
- Kontant en kontantekwivalente
- Privaatrekeninge

4.2 Stel die Balansstaat van Royal Handelaars op 28 Februarie 2017 op. Toon berekeninge in hakies waar notas NIE verlang word nie.

**INLIGTING:**

**A. SALDO'S OP 1 MAART 2016:**

| | | |
|---|---|---|
| Kapitaal: B Prins | | 936 000 |
| Kapitaal: K King | | 655 200 |
| Privaatrekening: B Prins | Kt. | 73 800 |
| Privaatrekening: K King | Dt. | 49 200 |
| Voertuie | | 1 392 000 |
| Toertusting | | 384 000 |
| Opgehoopte waardevermindering op voertuie | | 679 260 |
| Opgehoopte waardevermindering op Toertusting | | 153 600 |

**B. SALDO'S OP 28 FEBRUARIE 2017:**

| | | |
|---|---|---|
| Vaste deposito: Good Bank (16% p.j.) | | 600 000 |
| Handelsvoorraad | | 142 760 |
| Verbruiksgoedere voorhande | | 9 600 |
| Debiteurekontrole | | 205 200 |
| Voorsiening vir oninbare skulde | | 10 260 |
| Krediteurekontrole | | 320 560 |
| Bank | Dt. | 73 200 |
| Spaarrekening | | 265 800 |
| Opgelope inkomste (ontvangbaar) | | 7 200 |
| Vooruitontvange inkomste | | 4 800 |
| Opgelope uitgawes (betaalbaar) | | 10 140 |
| Vooruitbetaalde uitgawes | | 18 360 |

**C. ADDISIONELE INLIGTING:**

**C.1** Een van die vaste depositos by Good Bank vir R180 000 verval op 31 Mei 2017.

**C.2** Die netto wins is soos volg tussen die vennote verdeel:

| | B Prins | K King |
|---|---|---|
| Jaarlikse salarisse | 550 000 | 440 000 |
| Rente op kapitaal | 210 000 | 147 000 |
| Bonuse | 62 000 | 46 000 |
| Oorblywende wins | 54 000 | 108 000 |

**C.3** Die onttrekkings deur die vennote vir die jaar beloop:

- B. Prins – R900 000
- K. King – R660 000

**C.4** Daar was geen verandering in kapitaal gedurende die jaar nie.

**C.5** ‘n Voertuig is op 28 Februarie 2017 verkoop en korrek opgeteken:

- Kosprys R224 000
- Opgehoopte waardevermindering (28 Februarie 2017) 142 900
- Verkoopprys 90 000

**C.6** Toerusting ter waarde van R120 000 is op krediet op 28 Februarie 2017 van Durable Steel aangekoop en is korrek opgeteken.

**C.7** Waardevermindering vir die jaar:
Voertuie R208 800
Toerusting 76 800

---

**Ontleding en vertolking van finansiële state**

- Weet hoe om finansiële aanwysers te bereken
- Weet hoe om finansiële aanwysers te vertolk

**1. Winsgewendheid** Hoe doeltreffend is die besigheid met sy gewone bedryfsaktiwiteite

**Finansiële aanwysers**:

* % Bruto wins op verkope
* % Netto wins op verkope
* % Bedryfsuitgawes op verkope
* % Bedryfswins op verkope
* % Bruto wins op koste van verkope Winsopslag)

**ANTWOORDE MOET IN % GETOON WORD ALLE BEDRA KOM UIT DIE INKOMSTESTAAT**

**2. Likiditeit** Vermoë van besigheid om korttermyn of onmiddellike skulde te kan betaal.

**Finansiële aanwysers**:

* Bedryfsverhouding (Verhouding x : 1)
* Vuurproefverhouding (Verhouding x : 1)
* Netto bedryfsbates (Rand)
* Voorraadomsetsnelheid (Keer per jaar)
* Debiteure-invorderingstermyn (Dae)
* Krediteurebetalingstermyn (Dae)
* Gemiddelde tydperk van voorraad voorhande (Dae)

**3.** **Solvensie** Vermoë van besigheid om totale skuld te kan vereffen

**Finansiële aanwyser**: * Totale bates : Totale laste

**4.** **Risiko en hefboom** Tot watter mate word die besigheid deur lenings gefinansier in vergelyking met kapitaal.

**Finansiële aanwysers**: * Skuld-ekwiteit-verhouding (hoe laer die verhouding, hoe laer die risiko)

*Opbrengs op Totale kapitaal aangewend
Indien OOTKA hoër is as die rentekoers op lenings, is die besigheid positief gerat
Indien OOTKA laer is as die rentekoers op lenings, is die besigheid negatief gerat

**5.** **Opbrengs** Verdien die vennote 'n regverdige bedrag op hulle belegging?

**Finansiële aanwysers**: *Opbrengs op gemiddelde eienaarsbelang (%)
*Opbrengs deur elke vennoot verdien

**Aktiwiteit 5: Basiese vrae wat deur lesers van die finansiële state gevra word**

Die finansiële aanwysers wat jy moet kan bereken, beantwoord sekere vrae rakende die finansiële state van 'n besigheid. Daar is 5 vrae wat lesers vra. Pas die vrae in Kolom B met die kategorie in Kolom A. Skryf die korrekte vraag langs die kategorie in Kolom A.

| | **Kolom A** |
|---|---|
| **5.1** | Winsgewendheid |
| **5.2** | Solvensie |
| **5.3** | Likiditeit |
| **5.4** | Opbrengs |
| **5.5** | Finansiële risiko / hefboom |

| | **Kolom B** |
|---|---|
| **A** | Kan die onderneming sy huidige of onmiddellike skulde met gemak terugbetaal? |
| **B** | Verdien die eienaars (vennote) 'n goeie opbrengs op hul belegging? |
| **C** | Tot watter mate word die onderneming deur lenings in vergelyking tot eie kapitaal gefinansier? |
| **D** | Is die onderneming effektief in sy normale bedryfsaktiwiteite, met ander woorde, is hulle in staat om 'n wins te maak en hoe goed beheer hulle hul uitgawes? |
| **E** | Kan die onderneming al sy skulde met gemak terugbetaal? |

**Aktiwiteit 6: Finansiële aanwysers**

Jy moet die volgende finansiële aanwysers kan bereken en vertolk. Jy hoef dit NIE te memoriseer nie aangesien die berekening van die finansiële aanwyser gelees/afgelei kan word. Dit is meer belangrik om te verstaan wat die finansiële aanwysers jou van die besigheid vertel.

| Kategorie | Finansiële aanwyser | Hoe om te bereken |
|---|---|---|
| Winsgewendheid & bedryfs-doeltreffendheid | % Bruto wins op verkope (omset) | |
| | % Bruto wins op koste van verkope (winsopslag %) | |
| | % Bedryfsuitgawes op verkope (omset) | |
| | % Bedryfswins op verkope (omset) | |
| | % Netto wins op verkope (omset) | |
| Solvensie | Netto Bates | |
| | Solvensie verhouding | |
| Likiditeit | Netto bedryfsbates of netto bedryfskapitaal | |
| | Bedryfsverhouding | |
| | Vuurproefverhouding | |
| | Voorraadomsetsnelheid | |
| | Periode waarvoor genoeg voorraad voorhande is | |
| | Debiteure-invorderingstermyn | |
| | Krediteurebetalingstermyn | |
| Risiko / Hefboom | Skuld-ekwiteitverhouding | |
| Opbrengs | % Opbrengs op gemiddelde eienaarsbelangs | |
| | % Opbrengs deur elke vennoot verdien | |

**Aktiwiteit 7**

Jy word voorsien van inligting met betrekking tot Look Good Clothing. Lisa Looks en George Good is die eienaars van die onderneming.

GEVRA:

7.1 Bereken die finansiële aanwysers soos in Inligting D aangedui.

7.2 Lewer kommentaar oor of die vennote tevrede met elk van die volgende aspekte behoort te wees. Haal finansiële aanwysers met werklike bedrae/verhoudings/persentasies aan om jou antwoorde te staaf.

7.2.1 Die winsopslag persentasie

7.2.2 Die likiditeit

7.2.2 Die opbrengs deur die onderneming verdien.

7.2.3 Die opbrengs deur elke vennoot verdien

7.2.4 Die risiko en hefboom

**INLIGTING**:

**A. INKOMSTESTAAT VIR DIE JAAR GEËINDIG 28 FEBRUARIE 2017**

| | **2017** | **2016** |
|---|---|---|
| Verkope (60% op krediet) | 2 176 000 | 2 880 000 |
| Koste van verkope (alles op krediet) | (1 280 000) | (1 920 000) |
| Bruto wins | 896 000 | 960 000 |
| Ander inkomste | 108 000 | 97 600 |
| Bedryfsuitgawes | (680 000) | (724 000) |
| Bedryfswins | 324 000 | 333 600 |
| Rente inkomste | 15 200 | 6400 |
| Rente uitgawe | (124 320) | (71 680) |
| Netto wins | 214 880 | 268 320 |

**B. BALANSSTAAT SOOS OP 28 FEBRUARIE 2017**

| **2.2 ROYAL HANDELAARS<br>BALANSSTAAT OP 28 FEBRUARIE 2016** | | |
|---|---|---|
| **BATES** | **2017** | **2016** |
| **Nie-bedryfsbates** | 2 299 280 | 2 628 800 |
| Vaste bates | 2 131 280 | 2 372 800 |
| Finansiële bates (12% p.j.) | 268 000 | 256 000 |
| | | |
| **Bedryfsbates** | 673 600 | 539 200 |
| Voorrade (alles handelsvoorraad) | 424 000 | 336 000 |
| Handels- en ander ontvangbare bedrae (alles debiteure) | 241 600 | 176 000 |
| Kontant en kontantekwivalente | 8 000 | 27 200 |
| | | |
| **TOTALE BATES** | 2 972 880 | 3 168 000 |
| | | |
| **EKWITEIT EN LASTE** | | |
| **Eienaarsbelang** | 1 868 880 | 2 440 000 |
| Kapitaal | 1 920 000 | 2 400 000 |
| Privaatrekeninge | (51 120) | 40 000 |
| | | |
| **Nie-bedryfslaste** | 680 000 | 512 000 |
| Lening: Credit Bank (15% p.j.) | 680 000 | 512 000 |
| | | |
| **Bedryfslaste** | 424 000 | 216 000 |
| Handels- en ander betaalbare bedrae (alles krediteure) | 176 000 | 216 000 |
| Oortrokke Bank (18% p.j.) | 248 000 | 0 |
| | | |
| **TOTALE EKWITEIT EN LASTE** | 2 972 880 | 3 168 000 |

**C. NOTAS TOT DIE BALANSSTAAT**

| **KAPITAAL** | **Prins** | **King** | **Totaal** |
|---|---|---|---|
| Saldo aan begin van jaar | 1 200 000 | 1 200 000 | 2 400 000 |
| Bewegings | 320 000 | (800 000) | (480 000) |
| Saldo aan einde van jaar | 1 520 000 | 400 000 | 1 920 000 |

| **Privaatrekeninge** | **Prins** | **King** | **Totaal** |
|---|---|---|---|
| Wins volgens Inkomstestaat | 116 440 | 98 440 | 214 880 |
| Salarisse | 48 000 | 56 000 | 104 000 |
| Rente op kapitaal | 68 000 | 50 000 | 118 000 |
| Bonus | 8 000 | 0 | 8 000 |
| Primêre verdeling van winste | 124 000 | 106 000 | 230 000 |
| Finale verdeling van verliese | (7 560) | (7 560) | (15 120) |
| Onttrekkings | (66 000) | 240 000 | (306 000) |
| Behoue inkomste vir die jaar | 50 440 | (141 560) | (91120) |
| Saldo aan begin van jaar | 20 000 | 20 000 | 40 000 |
| Saldo aan einde van jaar | 70 440 | (121 560) | (51 120) |

## D. FINANSIËLE AANWYSERS

| | **2017** | **2016** |
|---|---|---|
| Winsopslag % | **7.1.1** | 50,0% |
| % Bruto wins op verkope | 41,2% | 33,3% |
| % Bedryfsuitgawes op verkope | 31,3% | 25,1% |
| % Bedryfswins op verkope | **7.1.2** | 11,6% |
| % Netto wins op verkope | 9,9% | 9,3% |
| Solvensie verhouding | 2,7 : 1 | 4,4 : 1 |
| Bedryfsverhouding | 1,6 : 1 | 2,5 : 1 |
| Vuurproefverhouding | **7.1.3** | 0,9 : 1 |
| Voorraadomsetsnelheid | **7.1.4** | 5,7 keer |
| Periode waarvoor daar voorraad voorhande is | 108 dae | 64 dae |
| Debiteure-invorderingstermyn | **7.1.5** | 56 dae |
| Krediteurebetalingstermyn | 56 dae | 41 dae |
| Skuld-ekwiteitverhouding | **7.1.6** | 0,2 : 1 |
| % Opbrengs op totale kapitaal aangewend | 12,3% | 11,5% |
| % Opbrengs deur die onderneming verdien | **7.1.7** | 12,2% |
| % Opbrengs deur Prins verdien | 8,3% | 12,5% |
| % Opbrengs deur King verdien | **7.1.8** | 11,9% |

**Aktiwiteit 8:** Jy word voorsien van inligting met betrekking tot Incredible & Trendy, ‘n klerewinkel, op 30 Junie 2016. Mnr Better en Mev Best is die eienaars in die vennootskap.

8.1 Bereken die volgende finansiële aanwysers op 28 Februarie 2017.

8.1.1 Bedryfsuitgawes op omset (3)
8.1.2 Vuurproefverhouding (4)
8.1.3 % Opbrengs op gemiddelde eienaarsbelang (8)
8.1.4 Voorraadomsetsnelheid (5)

8.2 Lewer kommentaar op die likiditeitsposisie vir 2017. Haal DRIE relevante finansiële aanwysers aan (werklike verhoudings of syfers) om jou antwoord te staaf. (8)

8.3 Die eienaars is ontevrede met die snelheid waarteen voorraad verkoop word. Verduidelik waarom hulle so voel deur ‘n relevante finansiële aanwyser aan te haal, om jou verduideliking te staaf. (4)

8.4 Bespreek DRIE redes waarom ‘n besigheid nie te veel voorraad moet aanhou nie. (6)

8.5 Sal die eienaars van hierdie onderneming tevrede wees met die opbrengs op ekwiteit? Verduideliking deur ‘n finansiële aanwyser aan te haal om jou mening te staaf. (4)

**INLIGTING**

| **A. Uittreksel uit die Na-aansuiweringsproefbalans** | **2017** | **2016** |
|---|---|---|
| Kapitaal: Incredible | 900 000 | 1 050 000 |
| Kapitaal: Trendy | 540 000 | 540 000 |
| Privaatrekening: Incredible | 138 150 | 108 000 |
| Privaatrekening: Trendy | (36 000) | (17 100) |
| Handelsvoorraad | 480 000 | 450 000 |
| Debiteurekontrole | 126 000 | 90 000 |
| Bank | - | 108 000 |
| Krediteurekontrole | 216 000 | 171 000 |
| Oortrokke Bank | 360 000 | - |

| **B. Uittreksel uit Inkomstestate** | **2017** | **2016** |
|---|---|---|
| Verkope | 2 700 000 | 2 430 000 |
| Koste van verkope | 1 080 000 | 1 080 000 |
| Bruto wins | 1 620 000 | 1 350 000 |
| Bedryfsuitgawes | 972 000 | 720 000 |
| Netto wins | 648 000 | 630 000 |

| **Finansiële aanwysers** | **2017** | **2016** |
|---|---|---|
| Netto wins op verkope | 24% | 25,9% |
| Bedryfsuitgawes op omset | **?** | 29,6% |
| Bedryfsverhouding | 1,1 : 1 | 3,4 : 1 |
| Vuurproefverhouding | **?** | 1,2 : 1 |
| Voorraadomsetsnelheid | **?** | 3,9 keer |
| Debiteure-invorderingsperiode | 48,7 dae | 40 dae |
| % Opbrengs op gemiddelde eienaarsbelang | **?** | 44% |